basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V1

NOVEMBER 2010

MEMORANDUM

PUNTE: 120

Hierdie memorandum bestaan uit 27 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Berekening van roupunte na die totale op die puntestate:

Die onderskeie totale is soos volg:

	Roupunte	Punte op puntestate
Prakties	150	142
Vraestel 1	120	125
Vraestel 2	30	33

Beide die roupunte en die verwerkte punte moet op die antwoordstelle van geskrewe vraestelle en op die rapportvorms van die praktiese eksamens aangebring word.

Enige breukdele van punte moet opwaarts aangepas word, bv 27.2 word 28.

Die verwerkte punte moet dan op die puntestate geskryf word.

Spelfoute sal nie gepenaliseer word nie.

AFDELING A: MUSIEKTEORIE

Beantwoord VRAAG 1, 2, 3, 4 en ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

VRAAG 1

Bestudeer die uittreksel hieronder uit *Igbà Kerin – Avon Abàmi Eye* deur Akin Euba en beantwoord die vrae wat volg.



1.1 Transkribeer die eerste TWEE mate van die regterhand-party (G-sleutel) in die tenoorsleutel.

Antwoord:



Sleutel = 1 punt
Note = 4 punte (van die note word herhaal) (5)

1.2 Skryf die enharmoniese ekwivalent van die note wat by (a) in maat 4 gemerk is, neer.

Antwoord:



Notasie = 1 punt (½ punt per noot) (1)

1.3 Herskryf die VYF note van die linkerhand-party (F-sleutel) by (b) in maat 5 soos wat dit sou klink as dit op 'n kontrabas gespeel sou word.

Antwoord:



Notasie = 2 punte (- ½ punt vir elke verkeerde noot) (2)

1.4 Skryf die akkoord by (c) in maat 5 een oktaaf laer.

Antwoord:



Notasie = 1 punt (1)

1.5 Noem die intervalle by (d) in maat 6 en (j) in maat 14.

Antwoord:
(d) Vergrote 6^{de}
(j) Verminderde 12de/Verminderde saamgestelde vyfde (2)

½ punt vir die intervalafstand (bv 6de)
½ punte vir die intervaltipe (bv vergroot)

1.6 Benoem die drieklank en die omkering daarvan by (e) in maat 6, byvoorbeeld majeur drieklank in eerste omkering.

Antwoord:
√ √
Verminderde drieklank in tweede omkering (2)

1.7 Die tydmaat van die stuk verander in maat 12 en weer in maat 13. Voeg die nuwe tydmaattekens by (g) en (h) op die partituur in.

Antwoord:
(g) 9/8 **(2 x ½ punte)**
(h) 6/8 **(2 x ½ punte)**
Die relevante tydmaattekens moet op beide balke ingevoeg word. (2)

1.8 Herskryf maat 9 by (f) in enkelvoudige tweeslagmaat. Voeg die nuwe tydmaatteken by.

Antwoord:



Alle kandidate kry 3 punte, weens die foutiewe G-sleutel op die gegewe notebalk. (3)

1.9 Transponeer die note in die blok by (i) in maat 13 'n mineur derde laer.

Antwoord:



(2)

Alle kandidate kry 2 punte, weens die weglating van die notebalk op die vraestel.

[20]

VRAAG 2
Bestudeer die vierstemmige fragment hieronder en volg die instruksies:



2.1 Skryf die solfanotasie vir die note by (a) en (b).
Antwoord:
(a) s
(b) r (2)

2.2 Verander die sopraanparty deur nie-harmoniese note by (c), (d) en (e) op die partituur in te voeg.
Antwoord:
Sien die musiekpartituur. (3)
Een van die volgende mag by (e) gebruik word: Antisipasie, terughouding, chromatiese noot of ontsnappingsnoot (échappé)

2.3 Benoem die nie-harmoniese note wat jy by (c) en (d) gebruik het.
Antwoord:
Die nasiener moet die note wat die kandidaat geskryf het, identifiseer en besluit wat dit is, bv:
(c) Deurgangsnoot
(d) Hulpnoot/Wisselnoot
½ punt vir die nootnaam, bv B^{b} (2)

2.4 Besyfer die DRIE akkoorde in die laaste maat, byvoorbeeld IV, I^{6}, G/D, ensovoorts op die partituur. (3)
½ punt vir die akkoord sonder omkering
'n Moontlike antwoord:



[10]

VRAAG 3

3.1 Skryf die dalende toonleer van B^b melodiese mineur met toonsoortteken in 'n interessante ritme sodat dit 'n melodie in enkelvoudige drieslagmaat vorm.

Antwoord:
Toonsoortteken = 1 punt
Notasie = 2 punte
Interessante ritme en geskikte einde = 1 punt
Tydmaatteken = 1 punt (5)

3.2 In watter modus is die musiekvoorbeeld hieronder?



Antwoord:

Doriese modus (1)

3.3 Die drieklank hieronder bestaan uit note van die heeltoon-toonleer wat op C begin. Skryf TWEE opeenvolgende drieklanke in grondposisie op die note hieronder en gebruik slegs note wat in die heeltoon-toonleer wat op C begin, voorkom.



Antwoord:



(4)

1 punt per noot.
Aanvaar alle enharmonies ekwivalente.

[10]

VRAAG 4

Gebruik enige EEN van die openingsmotiewe hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in ABA-vorm te voltooi. Voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

Instrument: Fluit

Allegro



[8]

OF

Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING
Vorm en kadenspunte	6 (3 + 3)
Musikaliteit	6
Dinamika en artikulasie	2
Korrektheid van notasie	2
Totaal	16 ÷ 2 = **8**

Instrument: Tjello

Con moto



[8]

Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING
Vorm en kadenspunte	6 (3 + 3)
Musikaliteit	6
Dinamika en artikulasie	2
Korrektheid van notasie	2
Totaal	16 ÷ 2 = **8**

In die melodie moet die leerders komposisiemiddele, soos sekwense, omkerings, ens. op verbeeldingryke wyse gebruik en begrip toon van vorm met herverskyning van die openingsmotief. Melodie moet goeie melodiese kurwe met 'n duidelik gedefinieerde klimaks toon.

VRAAG 5

Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

5.1 Voltooi die volgende vierstemmige harmonisering deur geskikte akkoorde in die gegewe styl by te voeg.



[12]

Moontlike antwoord:



Nasienriglyne:		
Korrektheid (12 akkoorde)	=	4 punte (- ½ punt per fout)
Keuse van akkoorde (12 akkoorde)	=	6 punte (- ½ punt per fout)
Algemene indruk	=	2 punte

OF

5.2 Bestudeer die uittreksel hieronder uit *Fawlty Towers* deur Dennis Wilson en volg die instruksies.



5.2.1 Voltooi die partituur met die aangeduide akkoorde by (a) tot (e). (5)

Antwoord: Sien die musiekpartituur.

5.2.2 Voltooi die partituur deur SEWE geskikte akkoorde van jou keuse by te voeg.

Antwoord: Enige geskikte akkoorde en nootwaardes sal aanvaar word. Sien partituur vir idees.

1 punt per maat = 7 punte
Sien modelantwoord op volgende bladsy. (7)
[12]

Moontlike antwoord:



TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS

EEN punt word vir elke korrekte feit toegeken.

Relevante antwoorde wat nie in die memorandum gevind word nie, kan aanvaar word na goeddunke van die hoofnasiener.

VRAAG 6: JAZZ

Beantwoord ÓF VRAAG 6.1 ÓF VRAAG 6.2.

6.1 Beantwoord die volgende vrae oor Suid-Afrikaanse jazz:

6.1.1 Noem TWEE internasionale style wat Suid-Afrikaanse jazz beïnvloed het.

Internasionale invloede
- Swing
- Bebop
- R&B
- Ragtime (2)
- Dixieland
- Blues

(Enige TWEE invloede)

6.1.2 Noem en verduidelik DRIE plaaslike style wat 'n invloed op Suid-Afrikaanse jazz gehad het.

Plaaslike invloede
- Marabi: (1) wat 'n klawerbordstyl is wat fokus op die pedale van 'n elektriese orrel. (1) Mengsel van Dixiland en Ragtime (1) Melodie is geïmproviseerd bokant die herhaling van drfie verskillende akkoorde. (1)
- Indlamu: (1) wat Zulu-dansritmes is. (1)
- Kwela: (1) wat musiek is wat sentreer op die penniefluitjie. (1) (6)
- Al die invloede hierbo het in 'n musiekstyl ontwikkel wat bekend staan as 'mbaqanga' (1) wat 'n tipe township jazz is. (1) Mengsel van Zulu en Sotho musiek met Afrika-Amerikaanse en sangtradisie van Marabi. (1)

6.1.3 Noem TWEE Suid-Afrikaanse jazz-musikante wat die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse jazz beïnvloed het.

Suid-Afrikaanse jazz-musikante wat die ontwikkeling beïnvloed het
- Abdullah Ibrahim
- Hugh Masekela, ens. (2)

[10]

OF

6.2 Bespreek die historiese ontwikkeling van blues as 'n jazz-styl. Sluit 'n voorbeeld van 'n blues-werk en 'n blues-kunstenaar in om jou bespreking te versterk.

Aanbieding van bespreking, bv. inleiding, liggaam, gevolgtrekking , **of paragraafstyl** = 2 punte **Minus 2 punte as dit puntsgewys gelys is.** Feite = 6 punte Voorbeeld van blues-werk = 1 punt Voorbeeld van blues-kunstenaar = 1 punt

Antwoord:

- Die term verwys na 'n vorm van vokale en instrumentale musiek en na 'n styl van uitvoering.
- Uit geestelike musiek ontwikkel.
- Blues het gegroei uit Afrika-Amerikaanse volksmusiek, soos arbeids-/werkersliedjies en die 'field hollers' van slawe.
- Dis onseker waar blues ontstaan het, maar rondom die 1890's is dit in die landelike gebiede van die suide gesing.
- Gebaseer op die blues-toonleer, d.i. verlaagde 3de, 5de (of verhoogde 4de) en 7de van die majeur-toonleer.
- Blues bestaan uit 3-reël-strofes/verse wat die tipiese 12-maat-blues-vormstruktuur tot gevolg het.
- Oorspronklike 'country blues', wat gewoonlik met kitaarbegeleiding uitgevoer word, is ongestandaardiseerd in vorm of styl.
- Poëtiese en musikale vorms van blues het rondom 1910 gekristalliseer.
- Dit het meer gewild geraak deur die publikasie van *Memphis Blues* (1912) en *St.Louis Blues* (1914) deur WC Handy.
- Tydens die 1920's het blues 'n nasionale gier onder Afrika-Amerikaners geraak.
- Plate deur blues-sangers, soos (byvoorbeeld) Bessie Smith, het in die miljoene verkoop.
- Sedertdien het jazz en blues vervleg/verweef geraak.
- Die voortgesette impak/invloed van blues is duidelik in sulke gewilde style soos blues, rock en roll en soul.

Voorbeelde: (liedjies met kunstenaars)

[10]

- Bessie Smith: *Give me a pigfoot and a bottle of beer. / I'm leaving you, baby / Lost your head Blues*
- Billie Holiday: *Body and Soul,* ens.

VRAAG 7: ROMANTIESE MUSIEK

7.1 **Brahms: *Simfonie Nr. 4 in E mineur Op. 98 (vierde beweging)***

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (7.1.1 – 7.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer.

7.1.1 Die tema- en variasievorm toon ooreenkomste met die *passacaglia* (variasies op 'n grondbas) van die Romantiese tydperk. **Onwaar**

7.1.2 Hierdie beweging is in rondovorm. **Onwaar**

7.1.3 Die tempo en karakter van hierdie beweging kan as vinnig, energiek en met passie beskryf word. **Waar**

7.1.4 Hierdie beweging bestaan uit 'n tema, dertig variasies en 'n uitgebreide koda. **Waar**

7.1.5 Die A-seksie is liries en stadig. **Onwaar**

7.1.6 Die koda begin met die herverskyning van die hooftema gespeel deur die houtblaas- en koperblaasinstrumente. **Waar**

7.1.7 Hierdie beweging is in vierslagmaat. **Onwaar**
(7)

7.2 Beantwoord die vrae oor EEN van die Romantiese genres (VRAAG 7.2.1 – 7.2.5) wat jy bestudeer het. Nommer jou antwoord volgens die vraag (genre) wat jy kies.

7.2.1 **Die kunslied: Schubert – *Erlkönig***

(a) Noem die kenmerke van die kunslied.

Antwoord:
- Komposisie vir solo-stem en klavier.
- Digkuns en musiek versmelt.
- Begeleiding vorm 'n integrale deel van die komponis se konsep.
- Begeleiding dien as ondersteuning vir die stem. (3)

(b) Verduidelik hoe die musiek tot die storielyn van *Erlkönig* bydra.

Antwoorde:
- Schubert gebruik 'n deurgekomponeerde toonsetting om die stygende spanning van die gedig vas te vang.
- Die klaviergedeelte met sy vinnige oktawe en dreigende basmotief, dra die spanning van die wilde rit oor.

- Die aanhoudende trioolritme van die klavier verenig die episodes van die lied en stel die gallop van die perd voor.
- Deur die musiek op verbeeldingryke wyse te varieer, maak Schubert een sanger sing soos verskeie karakters in 'n miniatuur drama, bv. die verskrikte seun sing in 'n hoë register in 'n mineurtoonsoort.
- Elke keer as die seun 'n musikale uitroep sing, word dit deur dissonante harmonieë versterk.
- Om toenemende vrees oor te dra, het Schubert die seun se uitroep elke keer 'n hoër en hoër toonhoogte gegee.

Enige 3 feite (3)

OF

7.2.2 **Karakterstukke: *Chopin – Polonaise in A-mol majeur***

(a) Noem die kenmerke van 'n tipiese karakterstuk.

Antwoord:
- Kort, liriese klavierstukke.
- Individuele kenmerke, bv. etude, polonaise, nokturne, ens.
- Wek gewoonlik 'n spesifieke stemming of toneel op, wat gewoonlik deur 'n beskrywende titel gesuggereer word.
- Die vorm is gewoonlik ABA.
- Toets die pianis se musikaliteit en uithouvermoë.

Enige 3 feite (3)

(b) Beskryf die term *polonaise.*

Antwoord:
- 'n Poolse statige dans.
- In ¾-tyd met gepunteerde ritme.
- Matige tempo.

Enige 2 feite (2)

(c) Wat is die vorm van die *Polonaise in A-mol majeur*?

Antwoord:
Drieledige vorm, ABA. (1)

OF

7.2.3 **Opera: Puccini – *La Bohème***

(a) Noem die kenmerke van 'n opera.

Antwoord:
- Dramatiese werk waarin die hele, of die grootste gedeelte, van die teks gesing word met instrumentale begeleiding.
- 'n Opera is 'n groot musiekproduksie met soliste, koor, ensembles, orkes, overtures, arias en resitatiewe.
- Die verhaal (libretto) word vertel deur sang, toneelspel, beweging, kostuums en dekor. (3)

(b) Noem TWEE karakters in die bogenoemde opera.

Antwoord:
Rudolfo, Mimi, Marcello, Schaunard, Colline. (2)

(c) Noem EEN welbekende aria uit hierdie opera.

Antwoord:
Bv. 'Hoe koud is jou bevrore handjie?' (*Che gelida manina*) (1)

OF

7.2.4 **Simfoniese toondig: *Die Moldau***

(a) Beskryf die term *simfoniese toondig*.

Antwoord:
- Programmatiese komposisie vir orkes.
- In een beweging.
- Kan 'n tradsionele vorm hê (soos sonate of rondo) of 'n oorspronklike, onreëlmatige vorm.
- Beeld die emosies, karakters en gebeure van spesifieke stories of klanke en bewegings van die natuur uit.

Enige 3 feite (3)

(b) Verduidelik hoe die musiek die tonele in die program van *Die Moldau* uitbeeld.

Antwoord:
- Dit beeld die vloei van die Moldau deur Tseggo-Slowakye uit.
- Twee stroompies (een koud en een warm) wat elkeen deur hulle eie instrumente verteenwoordig word. (fluit – koud; klarinet – warm)
- Die stroompies vloei saam in 'n groot rivier in – word die riviertema.
- 'n Jagekspedisie word deur gepunteerde ritme in die musiek uitgebeeld.
- 'n Landelike dans het 'n tipiese volksagtige karakter.

Enige 3 feite (3)

OF

7.2.5 **Concerto: Mendelssohn – *Vioolkonsert Concerto in E mineur* (eerste beweging)**

(a) Noem die kenmerke van 'n Romantiese concerto.

Antwoord:
- 'n Komposisie vir 'n instrumentale solis en orkes, gewoonlik in drie bewegings, vinnig, stadig, vinnig.
- Cadenza vorm 'n integrale deel van die komposisie.

Enige 2 feite (3)

(b) Noem en beskryf kortliks die vorm van die eerste beweging van Mendelssohn se *Vioolkonsert in E mineur*.

Antwoord:
- Sonate-vorm = 1 punt
- Uiteensetting met die eerste tema word deur solis ingelei en die tweede tema deur die orkes = 1 punt
- Ontwikkelingseksie – hooftema varieer en die cadenza lei na die =1 punt
- Rekapitulasie = 1 punt
- Coda met vinnige passasies wat die beweging beëindig = 1 punt

(3)
[13]

VRAAG 8: TWINTIGSTE-EEUSE MUSIEK

8.1 Beskryf kortliks EEN van die volgende style:

8.1.1 Impressionisme (4)

8.1.2 Musiekteater (4)

8.1.3 Neoklassisisme (4)

8.2 Skryf 'n paragraaf oor EEN van die volgende werke:

8.2.1 Debussy – *Voiles,* from *Preludes Book 1* (4)

8.2.2 *My fair Lady* OF
West Side Story OF
Phantom of the Opera (4)

8.2.3 Stravinsky – *The rite of spring* (4)
[8]

1 punt moet afgetrek word as dit nie in paragraafstyl geskryf is nie.

8.1.1 **Antwoord: Impressionisme**

Antwoord:

- Fyn gegradeerde instrumentale kleure.
- Melodieë wat dikwels rondom 'n enkele toonhoogte sentreer.
- Komplekse teksture.
- Voortdurende ontwikkelende vorme. (4)

8.2.1 **Antwoord: Debussy: *Voiles, uit Preludes Book 1***

- Die indruk wat geskep word is een van die sagte/ligte wieg/skommel van bootseile in die wind.
- Melodiese reëls – neig om kort en fragmentaries te wees.
- Motiewe neig om kort te wees en word dikwels herhaal.
- Melodieë het klein omvange.
- Ritme is vaag. Vermy sterk, herhalende aksente wat met maatlyne saamval.
- Heeltoontoonlere en pentatoniese toonlere word gebruik.
- Regterpedaal word dikwels gebruik wat pianis toelaat om klank aan te hou, wat wasige/vae toonkleur tot gevolg het.
- Pedaaltekens word deur Debussy aangedui en behels dikwels lang, gedrae/aangehoue klanke en is nie volgens wisselende harmonieë nie.
- *Una Corda* word dikwels gebruik om toonkleur te versterk.
- Gebruik 'n reeks dissonante akkoorde wat nie oplos nie.
- Gebruik parallel akkoorde wat parallel 5des tot gevolg het.
- Gebruik 3, 4 en 5 nootakkoorde. (4)

[8]

OF

8.1.2 **Antwoord: Musiekteater**

- Tipe Amerikaanse teater wat geskep is om deur fusie met 'n dramatiese teks te vermaak.
- Toneelspel en gesproke dialoog met musiek, sang en dans asook toneeldekorasie, kostuums en skouspel.
- Sangers sing met mikrofoon. (4)

8.2.2 **Antwoord: Lerner & Loewe: My Fair Lady: *The rain in Spain*;**
West Side Story: *Maria*;
Phantom of the Opera: *All I ask of you*

- *Maria* (*West Side Story*) word deur Tony (leier van die Jets) gesing – tenoor.
- Dit word gesing wanneer Tony vir Maria buite sing.
- 'n Algemene musikale middel in *West Side Story* is die tritonus (ook bekend as 'n vergrote vierde. Dit is regdeur die musiekblyspel op die voorgrond, soos die herhaalde woord, Maria, in die lied *Maria.*
- *The Rain in Spain (My Fair Lady)* is getoonset op die sangerige ritme van die habanera in tweeslagmaat.
- Die lied eindig met 'n opwekkende/kragtige Spaanse dans in drieslagmaat.
- Interaksie tussen Eliza en Higgins – met gesproke dialoog deur Higgins.

- *All I ask of You (Phantom of the Opera)* word gesing deur Raoul (tenoor) en Christine (sopraan).
- Dit word die eerste keer in Bedryf 1 gesing wanneer Raoul belowe om haar altyd lief te hê en te beskerm.
- Dit word die tweede keer gesing deur die "Phantom" wanneer hy wraak sweer teen Raoul. (4)

Enige relevante, korrekte feite sal aanvaar word. **[8]**
1 punt per feit

8.1.3 **Antwoord: Neo-klassisisme**

- Musikale styl gekenmerk deur emosionele beheerstheid, balans en duidelikheid.
- Geïnspireer deur die vorms en stilistiese kenmerke van agtiende-eeuse musiek, gevind in baie werke van 1920 – 1950 (4)

8.2.3 **Antwoord: Stravinsky*: The rite of spring***

- In 1913 gekomponeer.
- Derde balletpartituur vir die Russiese Ballet.
- Deesdae word dit meer dikwels uitgevoer as 'n konsertstuk.
- Werk verdeel in twee groot dele, onderverdeel in seksies wat mekaar volg sonder pouse.
- Elk van die twee dele begin met 'n stadige voorspel/inleiding en eindig met 'n dol/koorsagtige, klimaktiese dans.
- Seksies beweeg teen verskillende snelhede/spoed.
- Titels van die danse suggereer primitiewe onderwerpmateriaal.
- Deel 1: *Omens of spring – Dances of the youth maidens, Ritual of abduction, Spring rounds, Games of the rival Tribes, Processsion of the wise elder, Adoration of the earth* and *Dance of the earth*.
- Part II: *The Sacrifice: 1 Introduction, 2 Mysterious circles of the young girls, 3 Glorification of the chosen maiden, 4 Evocation of the Ancestors, 5 Ritual of the ancestors, 6 Sacrificial dance.*
- Geskryf vir 'n groot orkes wat agt horings en vier tubas insluit.
- Ritme is 'n belangrike strukturele element. (4)
- Melodieë het nou omvange. **[8]**

OF

VRAAG 9: INTERNASIONALE POPULÊRE MUSIEK

Skryf 'n koerantartikel oor 'n popkonsert oor EEN van die volgende en verwys na die belangrike kenmerke van die tipe uitvoering wat aangebied sal word:

- Heavy metal
- R & B pop
- Glam Rock
- Brit Pop
- Girl/Boy bands
- Mandoza
- Lucky Dube
- Steve Hofmeyr **[8]**

Kandidate moet 4 kenmerke noem.
2 punte vir elke kenmerk
Minus 1 punt, indien nie in koerant- of paragraafstyl geskryf nie

Antwoord:

Metallica: Heavy metal

- Dit word tipies gekenmerk deur 'n kitaar-en-trom-gedomineerde klank, sterk ritmes en klassieke, blues-agtige of simfoniese style.
- Heavy metal-subgenres bevat hulle eie stilistiese variasies wat dikwels baie van hierdie kenmerke uitlaat of verander.
- Die algemeenste groepering vir 'n 'metal-orkes' is 'n tromspeler, 'n basspeler, 'n ritmekitaarspeler, 'n hoofkitaarspeler en 'n sanger – wat 'n instrumentalis kan wees of nie.
- Klawerborde was gewild by die vroeë 'metal-orkeste' – veral die orrel en partykeer die "mellotron" – alhoewel dit deesdae minder algemeen gebruik word.
- 'n Sleutelaspek van heavy metal is die kitaarsolo.
- Gebruik 'n hoogs versterkte, verwronge klanke.
- Die leidende rol van die kitaar in heavy metal bots dikwels met die tradisionele 'front man' of orkesleierrol van die sanger, wat musikale spanning veroorsaak.
- Beide kitaar en sang is ewe belangrik in heavy metal.
- Vinnige tempo en komplekse verwerkings is tipies. **[8]**

OF

Antwoord:

Michael Jackson: R&B Pop

- Alhoewel die akroniem 'R&B' sy oorsprong het by sy assosiasie met tradisionele ritme and blues-musiek, word die term R&B deesdae meer dikwels gebruik om 'n styl Afrika-Amerikaanse musiek, wat ontstaan het na die afname van disko in die 1980's, te definieer.
- Hierdie nuwer styl, dikwels as kontemporêre R&B beskryf, kombineer elemente van soul, funk, pop en vanaf 1986, ook hip hop.
- Die afkorting R&B word amper altyd gebruik in plaas van die volledige 'rhythm and blues'-term, alhoewel sommige bronne verwys na die styl as verstedelikte kontemporêre musiek ('urban contemporary') (die naam van die radioformaat wat hip hop en kontemporêre R&B speel) of verstedelikte pop ('urban pop').
- Kontemporêre R&B het 'n vlot/gemaklike, elektroniese opnameproduksiestyl, met masjienagtige tromritmes en 'n gladde, oordadige sangverwerkingstyl.
- Hip hop-geïnspireerde maatslae is tipies, alhoewel die grofheid en rofheid wat inherent aan hip hop is, gewoonlik verminder en uitgestryk word. **[8]**

OF

Antwoord:
David Bowie: Glam Rock

- Glam Rock is 'n subgenre van rock-musiek.
- Glam Rock gebruik al die stilistiese elemente van rock en heavy metal, maar die gevoel is ligter en vinniger.
- Marc Bolan van T Rex-faam was die baanbreker vir glam rock.
- Kunstenaars dra grimering en uitheemse klere en haarstyle.
- Aktief in vyf dekades van rock and roll.
- David Bowie word wyd beskou as 'n invloedryke innoveerder, veral vir sy werk in die 1970's.
- In 1970 het Bowie *The Man Who Sold the World* vrygestel, wat die akoestiese kitaarklank van die vorige album verwerp het en dit vervang het met heavy rock-begeleiding. **[8]**

OF

Antwoord:

Oasis: Britpop

- Britpop-orkeste is sterk deur die Britse kitaarmusiek van die 1960's en 1970's beïnvloed.
- Hulle musiekstyl reflekteer verering/eerbied/ontsag vir die klanke van die verlede.
- Stilisties het Oasis op hul aantreklikheid staatgemaak en lirieke geskryf wat bedoel was om relevant te wees vir Britse jongmense van hulle eie generasie.
- Streef na eenvoudigheid.
- Rock-maatslae word dikwels gebruik. **[8]**

OF

Antwoord:

Spice Girls/Westlife: Girl/Boy Bands

- Die 1990's en 21ste eeu is gekenmerk deur 'n herlewing van boy band- en girl band-neigings.
- Die musiek het spesifieke stilistiese eienskappe soos 'n dansagtige maatslag.
- Eenvoudige melodieë en herhalende struktuur word gebruik sodat mense dit kan snap en maklik kan saamsing.
- Die girl/boy bands-verskynsel behels dikwels massabemarking.
- Verbruiker-gedrewe pogings deur groot platemaatskappye is die norm.
- Die invloed van R&B op pop kan gehoor word in die werk van verskeie boy/girl bands, bv. Spice Girls en Westlife. **[8]**

OF

Antwoord:

Mandoza: Kwaito

- Lirieke daarop gemik om konstruktiewe inhoud te toon.
- Lirieke word geskree of gekantilleer (op spraakagtige wyse sing) eerder as gesing of gerap.
- Lirieke word in inheemse Suid-Afrikaanse tale gesing, insluitende Afrikaans.
- Kombineer musikale style van Hip Hop, Kwaito, Mbaqanga en tradisionele Afrika-musiek.
- Donker stemklank.
- Diep baslyne
- Uitvoerings gewoonlik met begeleidingsopname in plaas van lewende orkes. **[8]**

OF

Antwoord:

Lucky Dube: Reggae

- Typiese reggae-styl op ritmes gebaseer.
- Gekenmerk deur reëlmatige beklemtoning op die tussenslag.
- Ritmekitaar speel dikwels die akkoorde op die tussenslae.
- Tussenslae gaan gewoonlik saam met 'n spesifieke reggae-dans.
- Lirieke gebaseer op lewenservaringe.
- Musiek beskryf die geestelike en politieke stryd van Suid-Afrikaanse mense. **[8]**

OF

Antwoord:

Steve Hofmeyr

- Hy sing hoofsaaklik in 'n rock-styl.
- Sy sangstem word dikwels met dié van Neil Diamond vergelyk.
- Lirieke bevat outobiografiese sowel as poëtiese kenmerke.
- Sy musiek is 'n kombinasie van verskillende musiekstyle, insluitende Afrikaans Rock, Afrikaans Pop, Folk en Country.
- Musiek sluit baie liedjies van Neil Diamond en Kris Kristofferson.
- Hy het baie ondervinding van musikale teater.
- Hy is 'n baie veelsydige sanger. **[8]**

VRAAG 10: SUID-AFRIKAANSE TRADISIONELE MUSIEK

Jy word uitgenooi om 'n referaat oor Afrika tradisionele musiek by die Wêreldspitsberaad oor Jeugmusiek in China te lewer. Gee 'n kort beskrywing van jou referaat oor EEN van die volgende onderwerpe:

10.1 Kwaito **[10]**

10.2 Musiek vir sosiale en kulturele geleenthede **[10]**

10.3 Moppies en ghommaliedjies **[10]**

Beskrywende antwoorde word vereis.

10.1 **Kwaito**

Antwoord:

- Kwaito het sy oorsprong in huismusiek en het in die 1990's ontwikkel.
- Die woord 'kwaito' is afgelei van die Afrikaans woord 'kwaai'.
- Kwaito-musiek is gebaseer op huismusiek maar het 'n stadiger tempo.
- Dit gebruik diep baslyne.
- Sang word dikwels geskree of gekantilleer (op spraakagtige wyse sing) eerder as gesing of gerap.
- Die lirieke is gewoonlik in Suid-Afrikaanse stedelike tale.
- Meer as een taal kan in dieselfde liedjie voorkom.
- Isicamtho (Suid-Afrikaanse sleng) is die hooftaal in kwaito gebruik.
- Dit word met lewendige instrumente uitgevoer.
- Gebruik voorafopgeneemde instrumentale begeleiding/begeleidings-opnames.
- Kwaito is 'n uitdrukking van 'n manier van lewe.
- Die musieklewe word ook in die dans, praat en kleredrag van die township uitgebeeld.

Enige 10 feite **[10]**

OF

10.2 **Musiek vir sosiale en kulturele geleenthede**

Antwoord:

Melodieë:

- Kort melodieë.
- Melodieë word willekeurig deur sangers en instrumentaliste verander.
- Tydens uitvoerings kan enige persoon begin improviseer terwyl ander aanhou speel.
- Begeleiding kan bestaan uit akkoorde of kort melodieë wat aanhoudend herhaal word.

Ritmes het oorsprong in daaglikse aktiwiteite:
- Die kap-klanke van byle het hul eie tipiese ritme.
- Ritmiese beweging van vrouehande wat koring uitvryf, mag 'n mooi poliritme skep.
- Vissermanne wat roei, gebruik 'n ritme en skep nuwes deur elke nou en dan die kante van die boot met hulle spane raak te kap/tik.

Afrika Tradisionele musiek kan gebruik word vir:
- Vermaak
- Om die geboorte van 'n kind aan te kondig
- Troues
- Wanneer adolessensie begin
- Sterftes en begrafnisse
- Musiek is ook teenwoordig by ekspedisies
- Pas vee op en normale plaaswerk
- Liedjies word ook gebruik om siektes te genees
- Om reën te bring, vir politieke doeleindes en in godsdienstige danse
- Om met die geeste van die voorvaders te kommunikeer

Enige 10 feite **[10]**

OF

10.3 **Moppies en ghommaliedjies**

Antwoord:
- Liedjies word altyd begelei deur 'n ghomma-maatslag wat uit twee sestiendenote en 'n agtnootmaatslag bestaan, begelei deur 'n ghommatrom.
- Daar is 'n aanhoudende *tafa–te*-ritme wat regdeur die liedjies gehoor word.
- Die ghommatrom vorm altyd deel van die orkes wat hierdie ritme speel.
- Die orkes bestaan uit 'n kitaar, mandolien, banjo en tjello.
- Moppies en ghommaliedjies word in vier kategorieë gedeel, nl. tradisionele trouliedjies, Hollandse (Afrikaans) volksliedjies, Moppies – humoristiese liedjies, ghomma-pieknieklied jies.
- Inhoud van die liedjies is meestal lighartig en snaaks – liedjies met 'n politieke inhoud is tydens apartheid gesing om opposisie teen die stelsel uit te druk.
- Die ghommatrom word gemaak uit 'n wynvat met 'n oop kant en een kant waaroor perkament vasgemaak is.
- Moppies en ghommaliedjies word deur dansbewegings vergesel.
- Spore van ander kulture – die Khoi-khoi, Indonesiese, Indiese en Malgassiese kulture is duidelik in die liedjies.
- 'n Paar historiese feite oor die Kaap word deur die liedjies oorvertel.
- Die meeste komponiste van hierdie liedjies kon nie musiek noteer nie, maar van die musiek word tans genoteer.

Enige 10 feite **[10]**

VRAAG 11: SUID-AFRIKAANSE KOORMUSIEK

Bespreek EEN van die volgende koorwerke in terme van harmonie, vorm en karakter:

Minstens een feit oor elke van die 3 aspekte sal verwag word.

11.1 *Monna e motenyna* – B Gcisa

Antwoord:
Harmonie
- Gebruik meesal primêre akkoorde.
- Geen modulasies.
- Frases eindig in volmaakte en onvolmaakte kadense.
- Vraag en antwoord – sopraanstem-singvraag en die res van die stemme antwoord.
- Tipiese Afrika-harmonisering met parallel vyfdes en oktawe.
- Die alt, tenoor en bas beweeg dikwels in dieselfde rigting.

Vorm
- Strofies

Karakter
- Musiek word oor en oor herhaal
- Humoristies
- Lewendig **[6]**

11.2 *Plea from Africa* – JK Bokwe

Antwoord:

Harmonie
- Gebruik meesal primêre akkoorde.
- Frases eindig meesal in volmaakte kadense.
- Daar is modulasies in die musiek.
- Sekondêre dominante kom voor.

Vorm
- A B-vorm = binêre vorm.
- Begin met musikale voorspel.
- Vers / koor - vorm

Karakter
- Vraag en antwoord tussen sopraan en ander stemme.
- Statig. **[6]**

11.3 *Gabi, Gabi*

Antwoord:

Harmonie
- Gebruik meesal primêre akkoorde.
- Frases eindig in volmaakte kadense.
- Dissonante tweedes en negendes.
- Geen modulasie.

Vorm
- A B-vorm = tweeledige vorm.

Karakter
- Vraag en antwoord tussen die tenoor en die ander stemme.
- Die lied word oor en oor herhaal. **[6]**

VRAAG 12: MUSIEKBEDRYF

Noem die funksies van SARRAL.

Antwoord:

SARRAL:
- Administreer opnames van musikale werke.
- Maak seker dat 'n opname met die komponis se toestemming gemaak word.
- Maak seker dat behoorlike onderhandelinge plaasvind tussen die persoon wat die opname wil maak en die komponis.
- Maak seker dat wanneer toestemming verleen word, regverdige en billike tantièmes aan die komponis betaal word.
- Maak seker dat 'n behoorlike lisensie uitgereik word aan die persoon wat die opname maak.
- Beskerm die meganiese regte van komponiste en uitgewers, en samel die betrokke fondse in.
- Bepaal hoeveel keer jou musiek op ’n fisiese medium gekopieer is.
- Administreer lisensiehernuwings vir komposisies wat vir advertensies TV, radio en kamera, sowel as oudio-visuele produksies, gebruik is
- Administreer tantieme.
- Dit beskerm die opneemregte van komponiste of musiekwerke.

Een punt per feit. **[5]**

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou